SOLFANOTASIE – VOORGRAAD 1

Musiek wat op 'n notebalk geskryf word, word **balknotasie** genoem. Daar is 'n ander manier ook om musiek te skryf. Dit word **solfanotasie** genoem.

Daar is **7 solfasillabes** wat gebruik word om die **toonhoogte** aan te dui. Die afkorting van elkeen is onderaan:

1	2	3	4	5	6	7
do	re	mi	fa	so	la	ti
d	r	m	f	s	l	t

By **balknotasie** sal ons praat van die toontrappe as: tonika, subdominant, ens. By **solfanotasie** praat ons van do, fa, ens.

In solfanotasie word die toonsoort (tonika) aan die **begin** van 'n stuk aangedui:

VOORBEELDE: Do is C = C-majeur (tonika is C)

Die volgende voorbeeld is C-majeur, met die solfanotasie daaronder.



(Die boonste C word met 'n klein nommer ^{1} aangedui.)

Leer die solfasillabes en sing dit terwyl jy jou toonlere speel.